

Skriflesing: Heb 12:1 - 17

Fokusgedeelte: Heb 12:1 - 3

Hardloop die geloofswedloop gelowig, enduit, voluit

Inleiding

Die tyd vir die 400m vir mans finaal het aangebreek. Wayde van Niekerk het sy sweetpak uitgetrek; sy plek in die buitenste laan ingeneem. Soos die ander atlete is hy aan die toeskouers voorgestel. Hy het in die wegspringblokke gesak. Die skoot het geklap. Die kommentator het verwag dat Wayde gaan verslap. Hy trek egter onder sy teenstanders uit. 'n Wêreldrekord spat.

Ons fokusgedeelte teken die geloofswedloop van die Christen. In Wayde se plek neem ek en jy deel. In ons geloofswedloop is daar toeskouers; goed wat ons spoed kan vertraag wat ons moet afgooi; ons kan moeg word; ons kan tou opgooi; net dié wat enduit volhard, bereik die wenpaal.

Die prentjie wys die groot Kampioen wat ons voor oë moet hou: Jesus Christus. Hy het die voorbeeld gestel van hoe ons moet hardloop. Meer as dit: as ons Verlosser waarborg Hy dat ons die lint sal breek.

Ons let vanoggend op die fasette van ons geloofswedloop. Die boodskap is: **Hardloop die geloofswedloop gelowig, enduit, voluit**. Eers moet ons kyk na wat ons teksgedeelte voorafgaan.

Agtergrond van ons fokusgedeelte

Heb 12 gryp terug na die slot van Heb 10. Daardie hoofstuk sluit af met met die oproep om nie die *vrymoedigheid* (:35, 1953-vert) wat Christus vir ons verwerf het, prys te gee nie. Ons het *volharding* (:36, 1983) nodig om God se wil te doen. Negatief moet ons nie *terugdeins* / *onttrek* nie (:38, 39). Die pad van vrymoedigheid en volharding is die pad van die geloof.

Die pad van geloof is nie onbekend nie. Ander het dit geloop. In Heb 11 teken die skrywer vir ons die aard van geloof en stel 'n hele ry op van gelowiges in die tyd van die Ou Testament wat die pad van geloof met volharding geloop het. Heb 11 word afgesluit: *En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie (Heb 11:39, 40)*. Die skrywer sê dus die gelowiges van die ou bedeling wag vir diegene uit die nuwe bedeling. Hulle sien uit na die *voleinding* – die heerlikheid wat vir hulle en ons aanbreek met die wederkoms van Christus.

Die skrywer sê hy en sy lesers – en daarom ook ons wat ook glo – moet die pad van geloof met volharding loop. Hy teken die pad van geloof met 'n beeld wat sy lewers en ook ons

goed ken: die beeld van atletiekwedloop. Ons volg saam met die Hebreërs die geloofswedloop:

Die toeskouers rondom die baan

Toe Wayde van Niekerk baan toe gaan, was hy bewus van die toeskouers wat hom en die ander atlete sou aanmoedig. As deelnemer aan die wedloop van die geloof het ons ook toeskouers: *'n wolk geloofsgetuies rondom ons*. Die skrywer verwys na die geloofsgetuies wat hy in Heb 11 genoem het.

Die toeskouers by die 400m finaal was 'n mengsel van ander atlete, oud-atlete, maar ook mense wat nog nooit aan 'n groot wedloop deelgeneem het nie. Die toeskouers van ons geloofswedloop is almal mense wat reeds hulle wedloop voltooi het. Hierdie skare bestaan uit gelowiges uit die tydperke van beide die Ou en Nuwe Testamentiese tydvakke – ook almal wat ons voorgedaan het; self in die Here gesterf het. Al hierdie gelowiges wat ons voorgedaan het, is soos 'n wolkbank – 'n groot massa mense.

Hulle het al die wedloop voltooi. Hulle weet hoeveel inspanning dit van elke deelnemer vra. Hulle het bewys dit is moontlik om die wenpaal te bereik. Hulle is vir ons 'n voorbeeld.

Hulle kyk hoedat ek en jy ons geloofwedloop hardloop. Hulle vuur ons aan, bemoedig ons om, soos hulle, gelowig, enduit, voluit tot by die wenstreep te hardloop. Hoor jy die skare juig? Voel jy die inspuiting van krag?

Gooi elke las af

Voordat Wayde sy plek in sy baan ingeneem het, het hy sy sweetpak uitgetrek. In 'n wedloop moet 'n atleet niks oortollig dra nie. Dieselfde geld die wedloop van geloof: ... *laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik (Heb 12:1m)*. Iemand (Hewitt) maak die opmerking dat die woord *las* verwys na oortollige massa wat deur die regte oefening afgewerk moet word. Ander sê die laste is oortollige klere, soos 'n sweetpak. Die gedagte is hier: die atleet lê alles af wat hom in sy deelname kan belemmer.

Dit wat die gelowige belemmer om in die geloofswedloop deel te naam, is sonde wat 'n mens so maklik in sy greep kry. Die spesifieke sondes word nie genoem nie. Dit lys is oop – om dit so wyd moontlik te maak. Uit ervaring weet ons hoedat ons sonde my en jou verhinder om voluit in die geloof te leef. Ons moet ons sondes by wyse van spreke uittrek soos wat 'n atleet sy sweetpak uittrek. Deur sy Gees maak die Here ons bewus van daardie sonde wat 'n las vir ons geloofswedloop is. Hy skenk die vermoë om dit af te lê.

Fokus op Jesus

Jayde van Niekerk het in sy baan ingeval – geklee in die RSA se atletiekdrag. Hy was gereed vir die wedloop. Op die afsetter se bevel het hy in sy wegspringplek gaan sak. As atleet sien hy voor sy geestesoog die wenpaal. Hy is gereed vir die wedloop.

Op hierdie tydstip is ek en jy nog nie in ons geloofswedloop aan die hardloop nie. Ons is nog net by die wegspringplek. Dit dien geen doel om hier in die wegspringblok te dink aan hoe moeilik die baan is en hoeveel struikelblokke daar is nie. Wat moet ek en jy voor ons geestesoog roep? Die antwoord: ... *die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (Heb 12:2a)*. Fokus op Jesus. Hy het die lewenswedloop afgelê. Hy het die wenpaal bereik. Nog meer as die gelowiges wat voor ons uit is, gee Hy ons moed. Hy is ons rolmodel, die groot Kampioen.

Die skrywer sê nie net dat sy lesers van destyds en ons op Jesus moet fokus nie. Hy fokus self op Hom.

In besonderhede vertel Hy vir ons wat Jesus tydens sy geloofswedloop beleef het: *Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God (Heb 12:2b)*. Die dieptepunt van Jesus se geloofswedloop was die kruis. Die een wat aan 'n hout hang, is reeds in die Ou Testament vervloek (Deut 21:23, vgl Gal 3:13). Jesus het nie van die skande teruggedeins om aan die kruis te hang as een wat deur God vervloek is nie. Hy het die bewustelik die skande van die kruis op Hom geneem.

Die mense het dit nie met 'n danklied op die lippe aanvaar nie, nee, Hy het ook ... *vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra (Heb 12:3a)*. Ons sien die vyandige optrede, onder andere, in wat Hy op die dag van sy dood beleef het:

- Die Romeinse soldate het Jesus 'n rooi kleed aangetrek en 'n doringkroon op sy kop gesit (Matt 27:28,29).
- Die Jode het Hom spottend uitgedaag om van die kruis af te kom en so te bewys dat Hy die Seun van God is (Matt 27:40 - 42).

Deur sy lyding met sy kruisdood as dieptepunt het hy Hom bewys as veel meer as net 'n voorbeeld vir ons; veel meer as ons Rolmodel, die groot Kampioen.

Jesus is ons bo alles ons Verlosser. Hierin onderskei Hy Hom ook van die geloofshelde wat as voorbeeld vir gelowiges dien. Hy is die enigste Een wat 'n sondaar met die Here God kan versoen. Hy moes die pad van lyding tot aan die kruis loop, sodat ons kinders van God kan wees en ook vir altyd kan bly. As Verlosser waarborg Hy dat ons die lint sal breek.

Wanneer ons Jesus voorhou as enigste en volkome Verlosser, kan ons ons geloofswedloop hardloop sonder om terug te deins voor die groot eise wat die wedloop aan ons stel. Die

eise wat Jesus moes trotseer, was oneindig groter en meer. Hy het dit deurstaan – vir ons. Hy gee ons deur sy Gees ook die vermoë en die krag om self die wedloop van die geloof enduit te hardloop.

Hardloop ons met Jesus Christus, ons Voorbeeld en Verlosser, voor oë is ek of jy nie soos 'n atleet wat in die loop van die wedloop uitsak en uiteindelik tou opgooi nie. Dan hardloop ek en jy, deur die Heilige Gees daartoe bekragtig, gelowig, enduit, voluit tot by die wenstreep.

Daarin vereenselwig ons ons ook met Jesus. Hy het volgehou ter wille van die vreugde wat vir Hom in vooruitsig was. Ons neem dan deel met die vooruitsig om te deel in die heerlijkheid van Hom wat vir ons gely en gesterf het, maar ook in hemelse heerlijkheid opgeneem is.

Slot

Soos Wayde van Niekerk sy plek in die buitenste laan in die 400m vir mans finaal ingeneem het, neem ek en jy ons plekke in die geloofswedloop van die Christen in. Die toeskouers, gelowiges van die Ou en Nuwe Testament, maar ook hulle wat ons ken wat hulle plek al die die paviljoen ingeneem het, ondersteun ons, terwyl ons die Kampioen Jesus Christus, voor oë hou. Ons moet die sonde wat ons spoed kan vertraag, afgooi. Terwyl ons op Jesus fokus, moet ons nie moeg word en tou opgooi nie.

Hardloop die geloofswedloop gelowig, enduit, voluit tot by die wenstreep. Mag die Here ons deur sy Gees daartoe in staat stel.

AMEN